## EK IS DIE OPSTANDING

Johannes 11:25 [iii]

*'n Belangrike vraag wat elke gelowige in die hart vra is: hoe ek die opstanding uit die dood verkry. Hoe kry ek persoonlik daaraan deel? Vir Marta en Maria is Lasarus in die graf en hulle gaan sien hoe Christus hom uit die dood laat opstaan. Wat van die twee susters? Waarin is hulle opstanding uit die dood geleë? Die antwoord op die vraag vir hulle en vir ons is wat Christus sê:* "Ek is". *Dit is die kern van die opstandingsboodskap! Waar die mens ook al soek na iets of iemand om die graf oop te maak en die lewe in plaas van die dood te gee word die antwoord gevind in dit wat Jesus sê:* "Ek is die opstanding en die lewe". *Daarmee sê Christus dit is 'n persoonlike saak tussen jou en Jesus. Die oorwinning oor en die opstanding uit die dood hang van 'n Persoon af, ons Here, Jesus Christus. In ons tyd is die dood oral en om ons. Ons kom daagliks onder die besef van die ewige dood, die geestelike dood en die liggaam- like dood. Die oorwinning oor die drievoudige dood lê in een Persoon: Christus. Jy ontvang die lewe uit die dood as jy deur die geloof by Jesus ingelyf is en sy weldade aanneem. Dit getuig Jesus ook aan die twee manne van Emmaus aan wie Hy verskyn na sy opstanding (Luk. 24:27).*

*Die kern van die opstandingsevangelie is:* "Ek is…".



## MAAK JOU GEDAGTES AAN CHRISTUS GEHOORSAAM

*Paulus beklemtoon in 2 Korintiërs 10:1-6 dat die gelowiges in 'n geestelike oorlog betrokke is. As hy skryf dat ons* "in 'n menslike liggaam leef" *bedoel hy dat jy 'n menslike wese is wat versoek kan word, kan seerkry en self gedood kan word in die geestelike oorlog. Die slagveld is die wêreld maar die werklike stryd is* "nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug" *(Ef. 6:12). Die stryd word in jou gedagtes, in jou hart gevoer daarom gebruik jy nie* "menslike wapens nie" *(vs. 3). Die geveg vind in die geestelike wêreld plaas. In die stryd geld menslike vindingrykheid of vernuf nie. Gewone fisiese vermoëns kan nie gebruik word nie. Jy kan nie die Satan met jou spierkrag uitoorlê nie. Jy sal 'n Christen se wapenrusting moet gebruik (Ef. 6:10-20). Die teiken van die Satan en sy trawante is die vestings in jou geestelike lewe. Die geestelike vestings in jou waarop die Satan sy aanvalle rig is die negatiewe patrone of gedagtes wat in jou hart ingebrand is of deur herhaling of deur een of ander traumatiese gebeurtenis.*

*Onthou,* **gedagtes** *bepaal jou gedrag (Jak. 1:13-15). Omdat die sonde in jou lewe teenwoordig is veroorsaak dit dat jy 'n onchristelike temperament en gedragspatrone ontwikkel. Hierop is daar net een antwoord:* "**Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak**" (2 Kor. 10:5). *Om geestelik te kan oorleef in die oorlog wat innerlik woed sal jy jou gedagtes aan Christus gehoorsaam moet maak. Jy sal 'n ysere dissipline moet toepas op jou denke. Jy kan nie toelaat dat jou denke allerlei kortpaadjies kies nie. Jou gedagtes moet gerig word deur die Gees en die Woord.*

*Dr. Nico van der Merwe*



# SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**

[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

| Jaargang 5 | Sondag 17 Oktober 2010 | Nommer 27 |
|---|---|---|

## WEES VIR ALLES DANKBAAR

**Het u vrede gemaak met die feit dat die lewe sy goeie én slegte, sy sonskyn- én skadukant, sy welkome én onwelkome kant het? In jou lewe moet jy sukses én mislukking hanteer. Jy moet weet dat voorspoed én teenspoed deel is van die lewe van die gelowige. Die lewe is 'n mengsel van dié dinge. Ons moet gereed wees om dit nie net te aanvaar nie maar dit ook te hanteer as 'n noodsaaklike deel van die lewe.**

- **Daar is dinge wat jy sal kan doen, en ander dinge wat jy nie sal kan doen nie.**
- **Daar is vir jou plesier en genot beskik terwyl jy baie genietinge sal moet ontbeer.**
- **Jy sal in jou lewe baie voorregte ontvang maar jy sal ook baie voorregte misloop.**

**Jy moenie hieroor wanhopig word nie. Probeer die beste waartoe jy in staat is te bereik. Jou beste sal op die vlak lê waar God aan jou sekere vermoëns uitgedeel het. Alle mense het nie eweveel ontvang nie, maar die wat jy ontvang het moet jy ten volle gebruik. *Aanvaar* dit wat jy nie kan wees of doen nie met waardigheid en tevredenheid … veral met dankbaarheid teenoor God vir wat jy wél ontvang het. Benader die genot waarin jy kan deel as 'n *voorreg*. Sien die sukses wat jy behaal as 'n gawe van God. Beleef die voorspoed in jou lewe met dankbare erkenning aan God. Sien die plesier, genot en gemak wat jy moet ontbeer as nie-noodsaaklike lewensoorvloed. Wanneer voorregte jou deel word, sien dit as 'n entjie lewensafdraend wat jy met blydskap moet stap. As jy dit ontbeer en ervaar as 'n entjie lewensopdraend doen dit met die wete dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet [Rom. 8:28]. Hou nooit op om jou seëninge te tel nie. So alleen sal jy perspektief in die lewe behou in enduit 'n positiewe mens wees wat woeker met jou gegewe gawes. Dankbaarheid is 'n opdrag van God aan die gelowige (Kol. 3:15). "Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag" (1 Tess. 5:18). Saam met die skrywer van die Hebreërbrief kan ons bely: "Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien (Hebr. 12:28).** *Dr. Nico van der Merwe*

# PREKE VANDAG



**Oggenddiens: AS GOD SWYG**

Skriflesing: 1 Samuel 28:1-25
Teksvers: 1 Samuel 28:6

Hierdie gebeurtenisse in die lewe van koning Saul, wat in 1 Samuel 28 opgeteken is, gee weer wat in die laaste fase van sy lewe met hom gebeur het. Die afgelope tyd het Saul 'n verbete en onophoudelike stryd teen Dawid gevoer. Dit duur nou al bykans tien jaar. In sy gees is Saul moeg. Aan die anderkant moes Saul die stryd teen die Filistyne voer wat sy land wil inneem. Op daardie oomblik staan die leër van Israel en dié van die Filistyne op die slagveld teenoor mekaar. Van Saul lees ons: "Saul het die kamp van die Filistyne gesien; hy was bang en sy hart het benoud geklop" (vs. 5). Saul se vrees strek veel dieper:

- ♦ Die vernaamste oorsaak is geleë in Saul se innerlike.
- ♦ Hy sit met 'n *geestelike probleem*, nie met 'n militêre probleem nie.
- ♦ Saul het 'n *geloofsprobleem* nie 'n oorlogsprobleem nie.

In sy nood raadpleeg Saul die Here. Die uitloop daarvan is vir hom verpletterend: "***maar die Here het hom nie geantwoord nie"*** (vs. 6).

Waarom nie?

Tussen God se swye en Saul se lewe is daar 'n verband. God se swye moet verklaar word in die lig van Saul se lewe. God swyg net daar waar Hy vroeër gepraat het. En hoeveel male sonder tal het God met Saul gepraat deur die profeet Samuel. God praat met hom oor sy eiewilligheid, sy wederstrewigheid, sy ongehoorsaamheid, sy koppigheid, sy verset teen die Here se Woord, omdat hy afdwaal van God se weë, omdat hy dag vir dag in sonde lewe. Daaroor het God aanhoudend met Saul gepraat. Maar Saul het nie geluister nie. Hy het hom doof gehou. Hy het nie tot geloof en bekering gekom nie.

Daarom, toe Saul praat, toe **swyg God**!

Is jou lewe dalk vol onverhoorde gebede, onvervulde beloftes, tevergeefse hoop, 'n martelende spanning? Waarom antwoord God nie op jou roepstem nie? Waarom swyg God? Blaai eerlik deur die blaaie van jou lewe en stel vas hoeveelkeer God met jóú gepraat het. Wees nou eerlik! Hoeveel keer het jy God nie geantwoord nie, toe Hy met jou gepraat het?



# DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 3 & 4

## Artikel 17 : DIE MIDDELE WAARDEUR GOD SY GENADE UITOEFEN

Die almagtige werking van God, waardeur Hy ons natuurlike lewe skep en onderhou, sluit nie die gebruik uit van die middele waardeur God na sy oneindige wysheid en goedheid hierdie krag van Hom wil uitoefen nie, maar eis juis dat hulle gebruik sal word. Net so sluit bogenoemde bonatuurlike werking van God, waardeur Hy ons weer gebore laat word, volstrek nie die gebruik van die evangelie uit en werp dit ook nie omver nie; inteendeel, die alwyse God het dit tot 'n saad van die wedergeboorte en tot voedsel vir die siel bestem. Die apostels en die leraars wat hulle opgevolg het, het dan ook die mense gelowig oor hierdie genade van God tot sy eer en tot onderdrukking van alle hoogmoed onderrig. Hulle het ook nie nagelaat om die mense ondertussen deur middel van heilige vermanings uit die evangelie onder die bearbeiding van die Woord, van die sakramente en van die kerklike tug te hou nie. Net so moet hulle wat nou in die gemeente onderrig gee, of dié wat onderrig ontvang, hulle ook nie aanmatig om God te versoek deur die dinge te skei wat Hy na sy welbehae wou saamvoeg nie. Deur die vermanings word die genade immers gegee, en hoe gewilliger ons ons amp uitoefen, des te heerliker word die weldaad wat God in ons werk, openbaar. So vorder God se werk op die allerbeste manier. Aan dié God alleen kom al die heerlikheid van die middele, sowel as van die heilsame vrug en die krag daarvan tot in ewigheid toe. Amen

### ARTIKEL 17 KORT OPGESOM

1) Die wedergeboorte bewerk God deur die middele.
2) God het die evangelie as die saad van die wedergeboorte en die spys vir die siel gegee.
3) Die middele wat God gee is:
   - die evangelie (Woord) met sy beloftes, bevele en vermaninge,
   - die sakramente (doop en nagmaal),
   - die kerklike tug.
4) Die apostels het die middele gebruik om te onderrig en alle menslike hoogmoed te onderdruk.
5) Diegene wat nou onderrig of onderrig word, mag God se middele wat Hy saamgevoeg het, nie skei nie.
6) Deur die vermaninge word die genade meegedeel en hoe beter ons ons amp uitoefen, des te heerliker word God se weldaad openbaar en vorder sy werk ten beste.
7) Aan God kom die heerlikheid toe vanweë die middele en die heilsame vrug daarvan. Ps. 110:3; Jes. 55:10-11; Hand. 2:42; Rom.10:8; Rom. 11:36; Rom. 16:27; 1 Kor. 3:6; 2 Kor. 5:11; 2 Tim. 4:1; 1 Pet. 1:23-25; Judas vs. 25.

## KOM TOER SAAM OP DIE VOETSPORE VAN PAULUS

Vir die van u wat nog altyd graag die plekke wou besoek waar Paulus op sy sendingreise aangedoen het – hier is 'n uitstekende geleentheid om saam met medegelowiges die reis deur Klein-Asië mee te maak! Die Voetspore-van-Paulus-toer van 12 dae vind D.V. plaas vanaf ***25 September tot 6 Oktober 2011***.

Ons volg Paulus se voetspore o.a. deur die volgende plekke: Tarsus (Paulus se geboorteplek), Antiochië (Hand 13:14), Ikonium (Hand 14:1), Efese (Hand 19) en die omliggende gebiede wat Paulus vanuit Efese bedien het (Hand 19:10). Dit is Hiërapolis, Laodisea, Filadelfia, Sardis, Smirna en Pergamum, wat saam met Efese ook die sewe gemeentes was aan wie die sewe briewe van Openbaring 2 en 3 geskryf is. Ons gaan saam in die strate van hierdie ou stede stap en die steeds indrukwekkende oorblyfsels daarvan sien. Op die koop toe gaan ons twee van die natuurwonders van die wêreld te siene kry, die natuurskoon van Turkye bewonder en die Turkse leefwyse van naderby leer ken.

Ons bly in luukse hotelle, ons reis met luukse busse en word begelei deur 'n uiters professionele gids. Die toer word gelei deur ds. Peet Coetzee en prof. Gert (Jorrie) Jordaan, wat albei verdere Bybelse toeligting sal verskaf. Seagull Toere tref al die reëlings.

Die koste van ongeveer R 23 350 (bereken teen R 9.30 vir 1 Euro) sluit alles in (selfs lughawebelasting en fooitjies), asook alle etes.

Vir 'n volledige program en alle inligting, stuur 'n e-pos na peetcoetzee@lantic.net of hanliejordaan@gmail.com, of skakel ds. Peet Coetzee by 018 290-6778 (Sel. 084 745-8571) of prof. Gert (Jorrie) Jordaan by 018 294-5600 (Sel. 082 739-1107).

- Die Bybel is die enigste onfeilbare kompas om ons boot veilig deur die lewensee te rig.
- As jy moeilikhede moet oorbrug, onthou: daar is slegs een Brug wat jou veilige oorgang bied.



## LAAT ONS WEET!

Sonder die samewerking van elke lidmaat in die gemeente sal dit nie moontlik wees om Sondae 'n Simbaal te laat verskyn nie. SIMBAAL is totaal van berigte uit die gemeente afhanklik oor gemeentelike en persoonlike nuus om te publiseer.
'n Vriendelike versoek tot elke lidmaat: stuur ***asseblief*** alle lief en leed berigte deur na **Martie Venter** vir opname in **SIMBAAL.** Nuus moet ***nie later nie as Woensdag*** van elke week afgedra word, sodat ons as gemeente van mekaar se lewensomstandighede kan verneem en so met mekaar kan meeleef!

Werk soggens: 018 468 5022
Sel: 073 826 3526
Huis: 018 468 6790

e-pos: eisi@vodamail.co.za
martiehv@gds.co.za

**Uit die Woord**
Die skoonheid van 'n vrou sonder oordeel is soos 'n goue ring aan 'n vark se snoet.
Spreuke 11:22

**Wyse Woorde**
Dis jammer dat diegene wat weet, dikwels nie praat nie – en talle wat praat dikwels nie weet nie.
E.A. Boshoff


- Leef só, dat wanneer jy op die voorgrond tree, jou agtergrond nie jou beeld bederwe nie.
- Die gebruikte talent verdien nog een by; tien ongebruiktes sorg slegs vir hulle begrafnis.

| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
| 17 Oktober | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 24 Oktober | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 31 Oktober | Barmhartigheid | Bybelverspreiding |
| 7 November | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |



**GEMEENTEPROGRAM**
Sondag 17 Oktober tot Saterdag 16 Oktober 2010

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 17 Oktober | Oggenddiens | 09:30 |
| Sondag 17 Oktober | Katkisasie Les 22 | 10:30 |
| Sondag 17 Oktober | Aanddiens | 18:00 |
| Maandag 18 Oktober | Beplanningskommissie | 18:00 |




| TEESKINKBEURTE | |
|---|---|
| Sondag 17 Oktober 2010 | Wyke 11 & 12 |
| Sondag 24 Oktober 2010 | Wyke 13 & 15 |
| Sondag 31 Oktober 2010 | Wyke 16 & 17 |



| VERJAARSDAE | |
|---|---|
| 18 Oktober | Tannie Louisa de Klerk |
| 20 Oktober | Tannie Joan Coetsee |
| 20 Oktober | Gerda-Mari Young |
| 21 Oktober | Fanie van der Walt |
| 22 Oktober | Tannie Susan Botha |
| 23 Oktober | Eugene van Greuning |

Mag die teenwoordigheid van ons Here elke dag in die nuwe lewensjaar u deel wees. Baie geluk met die herdenking van u geboortedag!



- Probeer die verlorene red terwyl jy nog leef; die ryk dwaas se vergeefse pleidooie het die onmoontlikheid om dit hiernamaals te doen. bewys.
- 'n Mooi stem is nie 'n vereiste om hiernamaals in die hemelkoor te sing nie; 'n mooi lewe is wel.



## KERKARGIEF

Indien enige lidmaat foto's, inligtingstukke, notules, ens. oor die afgelope 30 jaar van die bestaan van ons gemeente het, en dit vir bewaring in die Kerkargief in Potchefstroom kan skenk, moet u asb. met die skriba, **oudl. At Kruger**, skakel. Sy kontakbesonderhede is 018 468 3976, 083 400 3289 of atkruger@webmail.co.za. U kan inligting ook aan die kerk-adres: Posbus 6461, Flamwood 2572 stuur. Merk dit asb. vir aandag: At Kruger. Foto's en ander gedenkwaardighede in elektroniese formaat is ook welkom.

## *SONGS OF PRAISE – SOLI DEO GLORIA*
## *Potchefstroom DV 17 Oktober 2010*

NG Kerk Miederpark Potchefstroom ***17 Oktober 2010*** om **15:00**
Toegang: R70.00 per persoon
Richard Cock (Dirigent), Eddie Davey (Orrel)
Trompette, Massa Kore & Publieke Samesang
**Kore:**
NWU Koor (Awie van Wyk) – Nasionale Koorakademie (Mabeth van Wyk/Starr Veldsman) – NW Jeugkoor (Franco Prinsloo) – NW Kinderkoor (Stern Bezuidenhout) – Potch Girls High (Annelie Coetzee) – Potch Ensemble (Lenelle Botha).

- Vir hóm wat op sy kwellings broei, ontbreek die vreugd' van geestesgroei.
- Moenie wat God gemaak het, mismaak nie!

## GEESTELIKE FAMILIE

Hooglied 4:9

"Jy het my hart gesteel, my beminde bruid, jy het my hart gesteel met een kyk van jou oë, met een skakel in die ketting om jou hals"

Hooglied 4:9 is 'n liefdesbelydenis. Die bruidegom besing sy bruid: "my beminde bruid". Letterlik vertaal staan daar: "my susterbruid" of "my suster, o bruid". Op die oog af sluit suster en bruid mekaar uit. 'n Man kan nie sy suster as bruid neem nie. Tog is die wonderlike van die liefde dat dit in innigheid juis die vreemdste met mekaar kan verbind.
Hierdie innigheid van die liefde vind ons juis in 'n huisgesin. 'n Huisgesin is 'n lewenskring en lewenseenheid wat deur God geskape is. 'n Normale, harmoniese gesin is 'n organisme van boeiende skoonheid en seënende krag. In die eie van die gesin is daar iets van 'n onbeskryflike duursame innigheid. Die lewens van die kinders het dieselfde moederliefde gekoester en deur dieselfde vaderhand onderrig. Hulle woon onder een dak en deel dieselfde lewensruimte. So saamgegroei, soos broers en susters van dieselfde gesin, is die ware lewe nêrens anders nie, want die natuurlike is eerste en dan die geestelike. Mense kom alleen nader aan mekaar in die liefde waar God se verbondsliefde in hulle harte neerslag vind. Dan gebeur die wonderwerk dat die bruid 'n suster en die bruidegom 'n broer word.
Geestelik word daar 'n verwantskap gebore, wat nie minder eg en minder heg is as die bloedbande wat mense verbind nie. Die vrou is nie dienares, slavin soos dit in die ou Ooste die gebruik was nie. Op hierdie wyse word sy gelyke, verwant, vriendin, beminde. Dit alles skuil in die naam suster.
Van Jesus is gesê dat Hy nie skaam was om die gelowiges broers te noem nie. Hy het ook gesê dat elkeen wat die wil van sy Vader doen, sy broer en suster is, "die' wat na die Woord van God luister en daarvolgens handel" (Luk. 8:21).
As ons mekaar in die kerklike gemeenskap "broer" en "suster" noem, is veel meer as net 'n geykte term en 'n aanspreekvorm na gewoonte. Want gelowiges is "broers" en "susters" van mekaar, nie vanweë eie keuse en eie voorkeur nie. Gelowiges is broers en susters van mekaar op grond van en deur die soenbloed van Jesus Christus. Dit is 'n duur en innige band van ewige betekenis. Dit is die belangrikste band van alle bande tussen mense. Dit duur tot in ewigheid.



## LIEF EN LEED



- ***Oom Peet van der Walt*** (85) is gelukkig weer tuis waar hy deur sy dogter, Petro, en haar man versorg word. Daar is 'n moontlikheid dat hy 'n pasaangeër gaan kry. Ons dink aan Oom-hulle!
- ***Sr. Riana White*** het verlede week 'n operasie aan haar regter-elmboog ondergaan. Sy verduur nog ongemak, maar tussen haar en ***br. Alf*** versit hulle nog berge met die drie arms wat kan huishou! Ons hoop jy voel gou beter!
- Nog 'n broeder wat sy vrou bystaan, is ***br. Chris Buys***. ***Sr. Alida Buys*** se arm is nou al meer as 'n maand in gips nadat sy beseer is in 'n motorongeluk. Gelukkig staan br. Chris se hande vir niks verkeerd nie – nogtans sien hulle daarna uit dat die gips oor so tien dae kan afkom. Sterkte!
- Ons innige meegevoel gaan aan ***br. Jan en sr. Elsa van Heerden***, nadat sr. Elsa se suster oorlede is. Mag julle God se vertroosting ryklik ervaar.
- ***Br. Janneman Botha*** het behandeling in die hospitaal ontvang vir drukking in sy oë. Ons vertrou dat sy oë spoedig sal herstel.
- ***Br. Charl en sr. Daleen du Plessis*** is veilig terug na hul vakansie in Thailand en ***br. Frikkie du Plessis*** is tans oorsee. So word wonderlike herinneringe bymekaar gemaak!
- ***Oom Theuns Engelbrecht*** was in die hospitaal vir toetse en het las van 'n maagseer. Ons wens hom beterskap toe.

- Dat die donker nie oë het nie, is waar, maar ewe waar dat God nie blind is nie en dat die donkerste duisternis vir Hom lig is – Onthou jou dus van die werke van die duisternis.
- As die mens se bereidwilligheid tot sonde afgetrek word van Satan se welslae tot verleiding blyk dit duidelik hoe afhanklik Satan van die mens se samewerking is.

**Dr. André Grové se landlynnommer in Krugersdorp is 011-954-1105.**

## GEREFORMEERDE KERK KLERKSDORP-NOORD

### *Gemeentesamekoms*

### Saterdag 6 November 2010

Die gemeente word hartlik uitgenooi na die jaarlikse gemeentesamekoms.

Vanjaar is daar weer die tradisionele
**SKAAPBRAAI.**
**Verder:**
**vars gebakte brood en konfyt**
**Roomys met Sjokoladestroop**
vul die spyskaart.
Wors word vir die kinders gebraai.
Om die jongspan verder besig te hou, sal daar 'n Springkasteel wees.
Bring die volgende saam:

**U eie eetgerei**
**Drinkgoed**
**Opvoutafel en stoele**
**'n Slaai**

| | |
|---|---|
| WAAR? | KLERKSDORP-NOORD KERKTERREIN |
| HOE LAAT? | VANAF 16H00 |
| | ETE SAL ONGEVEER 18H00 BEGIN |
| KOSTE? | VOLWASSENES – R20 |
| | HOËRSKOOLKINDERS – R15 |
| | LAERSKOOLKINDERS – R10 |
| | VOORSKOOLSE KINDERS – GRATIS |



## KINDERHUIS

Die diakens verantwoordelik vir die Kinderhuis wil graag vir elke inwoner van Huis 3 'n skoendoos met toiletware skenk vir die Desember-vakansie. Sommige van hulle word uitgeplaas na gasouers of gaan huis toe, terwyl die meeste in die Kinderhuis agterbly. Ons het die volgende nodig vir die projek:

* Twintig Leë skoendose
* Twintig seepbakkies
* Twintig koekies seep
* Twintig buisies tandepasta
* Twintig tandeborsels
* Twintig bottels deodorant (spuit of aanrol)
* Twintig sponsies om mee te was (hulle het ongelukkig nie hangplek vir waslappe nie)
* Twintig bottels/buisies handeroom
* 'n Verrassing of eetdingetjie vir elke kind.

U kan u bydrae – duidelik gemerk "**KINDERHUIS**" – by die konsistorie afgee, of vir **Sr. Martie Venter** of **sr. Hanlie Mocke.**

**ONS Sê VOORLOPIG BAIE DANKIE VIR U BYDRAE!**

## FONDSINSAMELING – JANIE SCHNEIDER-SKOOL

Die ouerkomitee van Janie Schneider-Skool bied op Saterdag 30 Oktober 'n praatjie aan met die tema, "Bou Verhoudings". Aangesien min van die verstandelik gestremde leerders self fondse kan insamel, plaas dit baie druk op hul ouers om dit te doen. Daarom word 'n beroep op die gemeente gedoen om hierdie projek te ondersteun. Meer inligting is beskikbaar by tel. 018 462 4954 of janie55@telkomsa.net.